RAADSBELEID

ONDERWERP : VOORSIENING VAN ROOIGROND

VERWYSING : 17.1.9

BESLUIT NR : 22.13/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die prosedures en heffings van toepassing op die voorsiening van rooigrond aan die publiek te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad as eienaar van die meent stel rooigrond funksionele en estetiese doeleindes beskikbaar.

RIGLYNE
1. Rooigrond is 'n vorm van duinsand wat deur die Raad aan die publiek beskikbaar gestel word en het hoofsaaklik twee aanwendings, naamlik as tuingrond en as slootvulmateriaal by pyplynkontrakte.

2. Die Raad voorsien 'n hoeveelheid gratis rooigrond aan aansoekers van sekere, verdienstelike organisasies in sy gebied.

3. Daar word 5 vragte rooigrond per instansie per jaar gratis beskikbaar gestel aan *bona fide* aansoekers van die volgende instansies:

    1. Kerk- en Jeugorganisasies.
    2. Skole en Kleuterskole.

4. Alle ander instansies en lede van die publiek koop rooigrond aan teen die tans heersende prys per kubieke meter, plus BTW, soos in die tariefbundel vervat.

PROSEDURE
1. Vir beide gratis en aangekoopte rooigrond moet die nodige bewys van betalingpermit vooraf by die Direktoraat Tegniese Dienste verkry word.

2. Rooigrond is slegs verkrygbaar by die een geïdentifiseerde ligging bekend as die rooigrond leengraf langs die Olifantshoekpad en verder ook net by vertoning van die voorgeskrewe permit.

3. Geen rooigrond word deur die Raad opgelaai en/of afgelewer nie.

ROLLE
Permitte vir die verkryging van rooigrond is by die Direktoraat Tegniese Dienste se kantore in die hoofgebou beskikbaar.

VERWANTE BELEID
Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.